COMMUNITY NEWSPAPER

Gans Berg Nuus/News

PRICE R12.00

25 April 2025

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

248ste Uitgawe

# 2de moord in Blompark binne 27 dae



Die vermoorde Eben Olyn (34).

'n Skrale 27 dae na die grusame moord op Ricardo Tobias (30) op 24 Maart 2025 in Blompark, het 'n tweede skokgolf deur die gemeenskap getrek met nog 'n moord op 19 April 2025 om 20:15, ook in Blompark.

Sers Abigail Naidoo, SAPD Kommunikasie Offisier, het bevestig dat die vermoorde man Eben Olyn (34), 'n inwoner van Blompark, is. Sers Naidoo het gesê die oorledene het buite in sy erf met 'n vriend sit en gesels. 'n Onbekende kleurlingman het die oorledene van agteraf genader en sonder enige waarskuwing verskeie skote op hom gevuur. Die verdagte het daarna te voet van die moordtoneel af gevlug. Met die aankoms van ambulanspersoneel, is die slagoffer op die toneel as dood verklaar.

“Die vermoorde se getraumatiseerde ouers het my vanoggend, 22 April 2025, besoek en my versoek om hulle met berading by te staan,” het Sers Naidoo die Gans-Berg Nuus meegedeel. Sy het beklemtoon dat die inligting oor die moord wat op sosiale media versprei is, nie deur die SAPD bevestig is nie. Sy het ook 'n beroep gedoen op mense wat sosiale media, veral in die gevalle van ernstige misdaad en moord, bevestiging en ook toestemming van die SAPD moet kry alvorens sodanige inligting gepubliseer word.

Die SAPD is tans besig met intensiewe ondersoeke na die moord wat gepleeg is. Hulle doen 'n beroep op die gemeenskap om met enige inligting, hoe gering ookal, vorendag te kom wat in die moordondersoek kan help. “Ek kan bevestig dat daar reeds 2 moontlike verdagtes vir ondervraging aangekeer is,” het Sers Naidoo gesê. Die SAPD kan by 028 384 8423 met inligting oor die moord geskakel word.

**Hardus Botha**



Eben Olyn (34).






# 'Art in the Midst of Chaos'

Die openingsaand van die unieke kunsuitstalling, '*Art in the Midst of Chaos*', 'n eerste vir Gansbaai, het "kunswerke vanuit die harte van die kunstenaars opgelewer," soos Bilhah Hoffman die later aan Gans-Berg Nuus gestel het. Die kunsuitstalling in 'Die Hangkas' van Groeneweide is vanaf 18-21 April 2025 aangebied.

Een van ons welbekende en plaaslike kunstenaars, Susan van Heerden, het die uitstalling op Donderdag, 17 April 2025 geopen, met 'byna te veel' gaste vir 'Die Hangkas' se kapasiteit! "In 'n wêreld wat deur chaos oorweldig word, het hierdie unieke kunsuitstalling kunstenaars uitgenooi om weg te beweeg van die konvensionele en die onbekende te verken," het Susan gesê. "15 van ons plaaslike kunstenaars het elk twee unieke kunswerke geskilder wat hier uitgestal word." Susan het die nodige bedankings gedoen en die besoekers kon die kunswerke bewonder - met smaaklike verversings en wyne wat aangebied is.

'*Art in the Midst of Chaos*', of te wel '*Kuns te Midde van Chaos*', is sekerlik 'n gepaste uitdrukking vir die tyd waarin ons lewe. Die uniekheid van hierdie kunsuitstalling is, soos Susan dit gestel het, dat elke kunstenaar slegs twee kunswerke kon uitstal. 'n Verdere bydrae tot die uniekheid daarvan, is dat dié twee spesifieke skilderye nog nooit voorheen uitgestal is nie - dit is dus absoluut uniek en werklik 'so uit die harte van die kunstenaars'. Die kreatiewe span, of te wel 'breinkinders' van die uitstalling, het reeds sedert die begin van Januarie 2025 met die beplanning van '*Art in the Midst of Chaos*' begin. Hulle is Matilda Roos van Groeneweide as sameroeper, Bilhah Hoffman, Natalie Louw en Belinda Batt. Bilhah het ook na die uitstalling verwys as: "*In the Midst of Chaos (darkness), I choose Light!*"


*Susan van Heerden*

Die 15 talentvolle kunstenaars wat hierdie uitdaging aanvaar het, is (alfabeties): Anita van Zyl, Arien van der Merwe, Belinda Ann Burchell, Betsie van Rensburg, Bilhah Hoffman, Elaine Baard, Hermanus Jacobus Veldman, Jacqueline Fourie, Jan Kotze, Jeff Batt, Lee Lane, Louise Kluyt, Natalie Dominique Louw, Ronelle van Tonder en Rouvé de Flamingh - met opregte gelukwense vanaf Gans-Berg Nuus se redaksiespan!

Na afloop van die kunsuitstalling het Mathilda en Bilhah dit as 'n enorme sukses beskryf - "ons is só tevrede daarmee dat ons alreeds aan 'n opvolg-uitstalling begin beplan," het Bilhah gesê. Mathilda het haarself so uitgedruk: "Al was die verkope nie baie goed nie, glo ek ons het in ons doel met die uitstalling geslaag." Sy het bygevoeg dat hulle dankbaar is vir 5 skilderye wat wel verkoop is, asook 'Jeff-se-Klip'.

Hierdie kunswerke wat vanuit die kunstenaars se binneste geskilder is, het bewys dat kunstenaars tóg hoop in ons chaotiese wêreld kan bring."

**Hardus Botha**


*Deel van die gedugte span*





**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Gansbaai Wynproegilde Perdeberg Wyne se Chenin Blanc

Die lede en gaste by Gansbaai Wynproegilde se byeenkoms van Dinsdag, 15 April 2025 in die Great White House, is aangenaam verras - by elke sitplek was 'n paaseiertjie en 'n 'loadshedding-vuurhoutjieboks' met 'n magneet om dit teen die yskas vas te sit!

Nadat Japie Spies (voorsitter) die verwelkoming en enkele administratiewe sake afgehandel het, het hy Perdeberg Wyne se aanbieder, Niël Groenewald, bekendgestel. “Ons is bevoorreg om Niël as aanbieder te kon kry,” het Japie gesê. “Hy het BSc in Landbou (Wingerd- en Wynkunde), Universiteit van Stellenbosch, asook MBA van die Universiteit van Kaapstad se Nagraadse Sakeskool verwerf.” Niël se ervaringsveld in die wynbedryf, is 'n lys wat 'skrik vir niks': Wynmaker; Internasionale Wynbemarker; Wynbesigheidspesialis; Unieke kombinasie van akademiese deeglikheid (8 jaar) en praktiese ervaring (25 jaar); Leierskapsrolle by gesiene wynkelders; Hoofwynmaker en later Besturende Direkteur van Nederburg wat in sy tyd drie keer onder die top 50 mees gesogte wynhandelsmerke ter wêreld geplaas is. Tans is Niël hoof van Internasionale Verkope en Bemarking by Perdeberg, met sowat 52 lande as kliënte - 'n 'mondvol', sou mens kon sê.

Die volgende uitstekende wyne van Perdeberg Wyne is te proe aangebied - gelys in Perdeberg se onderskeie kategorieë en nie in spyskaartvolgorde soos gewoonlik nie.
***Iconic Range**:
*Endura Single Vineyard Chenin Blanc* (2023); *Endura Winemaker's Selection Cape Blend* (2021).
***The Dry Land Collection**:
*Courageous Barrel Fermented Chenin Blanc* (2024); *Joseph's Legacy* (2021); *Longevity Natural Sweet Chenin Blanc* (2022).
***The Vineyard Collection**:
Verwelkomingsdrankie - *Cap Classique Chenin Blanc Brut* (2021); *Sauvignon Blanc* (2024); *Pinotage* (2023).


**Deon en Erica Oosthuizen saam met Niël Groenewald (middel).**

Sjef Chris Pead van die Great White House se spyskaart het nog nooit teleurgesel nie, so ook nie die bediening deur die personeel nie. Spyskaart (met bykomstighede): '*Prawn & Mussel Tart*' as voorgereg; '*Grilled Chicken Breast filled with Gypsy Ham & Chees*' as hoofgereg; '*Peach & Almond Pudding*' as nagereg.

Die aand se 'wenwyne: 'Rooiwyn van die Aand' - *Joseph's Legacy*...'Witwyn van die Aand' - *Courageous Barrel Fermented Chenin Blanc*...en die welverdiende 'Kampioenwyn van die Aand' - *Joseph's Legacy*. Met verwysing na die uitstekende rooiwyn, het Niël gesê: “Rooiwyn gaan goed saam met hoender - 6 bottels rooiwyn saam met 'n klein hoendertjie!”

“Ek dink dit is gepas dat Deon en Erica Oosthuizen, ons borge vir die Gilde se voorskote, vanaand die oorhandiging doen,” het Japie gesê. Niël was baie beïndruk met sy voorskoot wat hy aangetrek het, gelukkig sonder om sy klere uit te trek!

**Hardus Botha**












# Bietoubossers en haargroei


*Cariena de Waal (links) bedank Melody en Lee Odendaal van Visions Haarsalon*

"Met ons byeenkoms op 8 April 2025 het ons gasspreker met ons oor die hare van 'gryskoppe' en 'nie-gryskoppe' gesels," vertel Elizma de Lange, voorsitter van die Bietoubos Dameskluв. Die gassprekers was Melody en Lee Odendaal van Visions Haarsalon in Gansbaai.

"Hare groei op drie verskillende maniere en jou haargroei word deur hormone beïnvloed," het Melodi gesê. "Met die verlies van melanien in die liggaam, word slegs grys hare geproduseer." Sy het beklemtoon dat die haartekstuur ook verander - die hare is minder elasties, word harder en ook minder hanteerbaar. Sonder melanien kan die grys hare in kombinasie met lig, ultravioletstrale en lug 'n geel kleur kry.

Hoe dan nou gemaak om jou gryswordende hare te hanteer? Lee se eerste stukkie raad was: "*Embrace your silver hair and let it shine!*" "Met die oorgang na grys hare word aanbeveel dat 'n mens 'n korter kapsel kry sodat dit geleidelik en natuurlik kan uitgroei," het Lee voortgegaan. "In dié oorgang kan die haarwortels 'verberg' word saam met 'n skakering van ligstrepies (*high-/lowlights*)." Sy het beklemtoon dat dit belangrik is om die gesondheid van 'n mens se hare te handhaaf: gebruik 'n bevogtiger en beskerm jou hare teen die son en hitte. "As hare voortydig grys word, kan 'n mens kyk na 'n aanvulling van vitamiene B12, foliensuur, koper of yster.

"Na dié insiggewende en interessante praatjie het die gaste beslis genoeg gehad om by die teetafel oor te praat!" het Elizma gesê - en by die Bietoubossers se 'teetafel' is daar gewoonlik meer as genoeg verleidelike eetgoed! Die gasvrouens het hulself weer goed van hulle versierings en eetgoed gekwyt. Brigitte Langner het die tafels versier, Annie Reynolds het die lootjieprys gewen en Carina de Waal het die twee dames bedank vir hul insiggewende praatjie.

**Hardus Botha**


*Elizma de Lange (voorsitter) en Annatjie Naude (een van die gasvrouens).*



## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nr T 41035/ 2005** gepasseer deur **JACOBA MARTHA LOURENS - IDENTITEITSNOMMER : 580311 0091 081 - GETROUD BUITE GEMEENSKAP VAN GOED** ten gunste van **DGM ( INTERNATIONAL) HOLDINGS LIMITED REGISTRASIE NOMMER 87715** ten aansien van sekere **ERF 2629 GANSBAAI In die Overstrand Munisipaliteit Afdeling Caledon Provinsie Wes-Kaap** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Kaapstad, Kamer 1216, 12de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te GANSBAAI op 14de dag van APRIL 2025.
Guthrie & Theron Prokureurs
Adres - Hoofweg 25 , Gansbaai , 7220
Epos - gansbaaitransfers@gtlaw.co.za , Tel nr - 028 3840100

**Te Koop**
*Vanaf De Kelders tot Pearly Beach*



# Gansbaai Leeskring - SD Fourie en '*Jodi Picoult*'

Gansbaai Leeskring se byeenkoms op Dinsdag, 15 April 2025 was, soos gewoonlik, interessant met 'n spesifieke boekbespreking. Voorsitter Petro Pretorius het SD Fourie aan die woord gestel vir die groep se boekbespreking.

SD het op die boek, *Jodi Picoult - Die Boek van Twee Weë* besluit en dit met die lede bespreek - 'n aangrypende roman oor lewe en dood, en verspeelde kanse. Die boek is deur Daniel Hugo, 'n bekroonde vertaler, digter en taalpraktisyn in Afrikaans vertaal. Daniel is al twee keer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy vertalings uit Nederlands na Afrikaans vereer.


*Gansbaai Leeskring-lede, met SD Fourie voor, 2de van links.*

Die roman begin met Dawn Edelstein wanneer sy met haar eie dood in 'n breukdeel van 'n sekonde gekonfronteer word, terwyl sy in 'n vliegtuig sit wat onverwags gedwing word om 'n noodlanding te doen. "Terwyl sy haar op die ergste voorberei, is haar gedagtes egter nie by haar eggenoot en dogter nie, maar by Wyatt Armstrong - 'n man wat sy 15 jaar gelede in Egipte agtergelaat het," het SD vertel. Op 'n wonderbaarlike wyse oorleef Dawn die vliegtuigongeluk, maar daarna word sy deur groot onsekerheid oor haar lewenskeuses gery.

Dawn se gedagtes is vir eers by haar goeie lewe in Boston saam met haar man en dogter waar sy vervulling vind in haar werk as doulah - sy help sterwende mense om die oorgang tussen die lewe en die dood te verwerk en te aanvaar. Terselfdertyd kan sy dit nie help om te wonder wat van Wyatt en sy werk as argeoloog, wat antieke grafkelders opgrawe, geword het nie. As jong studente het hulle saam opgrawings gedoen totdat Dawn as gevolg van 'n persoonlike krisis terug is na Amerika.

"Dit is waar die diepte van die verhaal begin ontvou," het SD vertel. "Moet sy terugkeer na haar voorstedelike lewe en haar gesin, of moet sy na Egipte gaan en die spoke van die verlede in die oë kyk en dalk haar boek van twee weë voltooi?" Soos die verhaal ontvou, moet Dawn egter antwoorde op talle kritieke vrae vind: Wat behels 'n goeie lewe? Wat los ons agter wanneer ons sterf en hoeveel van ons lewenskeuses is ons eie en hoeveel maak die lewe vir ons? Die verloop van die boeiende verhaal is verder deur SD met die lede bespreek.

Jodi Picoult is 'n gewilde en geliefde skrywer van etlike topverkopers wêreldwyd - sy is ook al verskeie kere bekroon, onder andere met die *New England Book Award*. Sowat 40 miljoen eksemplare van haar boeke is tans wêreldwyd in druk. Meer as 25 romans het al uit haar pen verskyn en haar werk is reeds in 34 tale vertaal, waarvan *My Sister's Keeper* in 'n rolprent omskep is. 'n Gansbaai Leeskring byeenkoms word natuurlik nie sonder verleidelike eetgoedjies en tee/koffie afgesluit nie!

**Hardus Botha**







HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE: Hardus:082 786 0494 / info2@gansberg.co.za

# Bravo, Franskraal Art Route


Kunstenaars


Dries Dreyer


Prof Daniël Louw

Wat kan mens sê van so 'n enorme aanbieding in sy 2de jaar? Bravo en baie geluk aan Dries van Heerden en sy span met die *Franskraal Art Route 2025*, met Franskraalstrand Belastingbetalers en Inwonersvereniging as die aanbieders. Die Kunsroete is vanaf 18-21 April 2025 by die Eilandhuisie aangebied, met die kunstenaars se huise wat vir hulle kunswerke besoek kon word - met die kunstenaars se name en adresse duidelik op 'n kaart aangedui.

Die program in die Eilandhuisie gedurende die naweek, het uit die volgende insiggewende en interessante aanbiedinge bestaan: *Paasfees Poësie en die kruisiging van Jesus,* onder leiding van Dries van Heerden, saam met Elma Torr, Mari Weber en Charlotte Herselman. 'n Pragtige Gedigteboekie, met bogenoemde digters se eie gedigte wat hulle voorgelees het, is beskikbaar gestel. Die talentvolle Gideon Naude het 'n gedeelte van *Hobo Sonatas* deur Telemann op sy sopraan Saxofoon gespeel - onverbeterlik! Dan was daar items soos *Skryf as Terapie* deur Charlotte Herselman, *Skryf en self publikasie* deur Carine Badenhorst, *Klank in Kleur* deur Elmarie Stofberg en *Bonsai as Kuns en Geskiedenis* deur Johan Neser. Sondag se *Opstandingsgesprek* is met insiggewende en op-die-man-af inligting deur prof Daniël Louw, 'n hoogaangeskrewe skrywer, aangebied. Die die tema was: *Om-Te-Watte? Volhard! Om 'n 'Blitsbok' te wees en te bly*!

Die suksesvolle Franskraal Kunsroete is op Maandagaand, 21 April 2025 met 'n gesellige byeenkoms in Franskraal Rolbalklub se saal afgesluit. Daar het die aanbieders, kunstenaars en gaste heerlik saamgekuier en ontspan ná 'n lang tyd van harde werk en 'n 'rowwe' naweek. Eers is pragtige proteas wat geskenk is, vir 'n bepaalde projek deur die Franskraalstrand Belastingbetalers en Inwonersvereniging, opgeveil. Die allemintige bedrag van sowat R2 030 is ingesamel. Die lootjies is getrek en 'n volle 22 lootjie-wenners kon huis toe gaan met breë glimlagte oor die pryse wat hulle gewen het en wat nie te versmaai is nie.

Die Gans-Berg Nuus het die Kunsroete weekliks met berigte en die bekendstelling van kunstenaars ondersteun. Die Redaksiespan dra graag hulle gelukwense aan Dries van Heerden en sy span oor met 'n suksesvolle naweek. Baie geluk ook aan die talentvolle kunstenaars sonder wie die reël van 'n naweek soos hierdie nie moontlik sou wees nie.

**Hardus Botha**

Eric Booker Promotions(PTY)Ltd t/a
THE CRAZEE SHOP
THE STORE THAT HAS "Almost" EVERYTHING
Cell: 028 384 0185 ericgansbaai@gmail.com
CRAZEE DESIGN & PRINTING
Cell: 082 867 5848 crazeedesign@gmail.com
Signboards, Magnets, Stickers & Banners, Contra Vision & Sandblasting, Canvases, t-shirt, Cap Printing, Printed Mugs, Laser Cutting, Engraving, Photos, Posters, Flyers, Business Cards, Photocopies, Scans, Emails & Laminating
Mon - Fri: 07H30 - 17H30 / Sat: 07H30 - 13H00 / Sunday - Closed / Public Holidays - 07H30 - 13H00

# Laerskool Gansbaai (LSG)



**Landloop:**
Die eerste liga het by Laerskool Overberg afgeskop, met senuwees wat erg geknaag het, maar dit was groot opgewondenheid om aan die wedlope deel te neem. Dit het baie goed met LSG gegaan en elkeen van die 30 atlete het hul wedlope suksesvol voltooi.

Die volgende atlete het in die Top 6-plekke geëindig:
D o/9 - Mieke Groenewald 1ste; D o/10 - Liette Kotze 4de, Shanique October 5de en Leila Maritz 6de; S o/10 - Micah Fisher 3de; D o/11 - Lucadin Jansen 4de; D o/13 - Esme Collins 3de en Ninke Kotze 4de; D o/14 - Janica du Toit 3de.

**Rugby:**
Op Donderdag, 17 April 2025, het die Gansie-rugbyspanne teen Laerskool Hermanus kragte gemeet: o/7, o/8, o/9, o/11, o/13A en o/13B. Hermanus was sterk, en alhoewel LSG se spanne al hul wedstryde verloor het, het hul waardevolle lesse geleer oor moed, spanwerk en om nooit tou op te gooi nie.

**Netbal:**
Die Gansies het 'n heerlike dag van netbal teen Laerskool Hermanus op Donderdag, 17 April 2025 geniet. Ten spyte van die Gansies se goeie pogings, het Laerskool Hermanus geseëvier deur LSG se o/8- tot 0/12-, asook die o/13A-span te wen. Die o/13B's het braaf gespeel en hul wedstryd gewen.

**Hardus Botha**






**OVERSTRAND MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT / UMASIPALA**

**NOTICE IS HEREBY GIVEN** that an **ORDINARY MEETING** of the **OVERSTRAND MUNICIPAL COUNCIL** will be held in the **BANQUETING HALL, CIVIC CENTRE, HERMANUS** on **WEDNESDAY, 30 APRIL 2025** at **10:00.**

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat 'n **GEWONE VERGADERING** van die **OVERSTRAND MUNISIPALE RAAD** gehou sal word in die **BANKETSAAL, BURGERSENTRUM, HERMANUS** op **WOENSDAG, 30 APRIL 2025** om **10:00.**

**OKU KUKWAZISA** ukuba **INTLANGANISO YESIQHELO yeBHUNGA LIKAMASIPALA WE-OVERSTRAND,** iza kuba se **eBANQUETING HALL, KWIZIKO LOLUNTU, eHERMANUS uLWESITHATHU, Umhla we 30 APRELI 2025 ngeye-10:00.**

**MUNICIPAL MANAGER / MUNISIPALE BESTUURDER / UMPHATHI KAMASIPALA**
**NOTICE/KENNISGEWING/ISAZISO 75/2025**



**OVERSTRAND MUNICIPALITY**

**OVERSTRAND MUNICIPAL ADVISORY FORUM (OMAF)**

Notice is hereby given that a meeting of the Overstrand Municipal Advisory Forum (OMAF) will take place on Tuesday, 29 April 2025, at 18h00 in the Hermanus Auditorium.

**Purpose of meeting:**
- *Strategic direction draft IDP (Integrated Development Plan) review and proposed amendment and Draft budget process for 2025/26.*

All members of the Ward Committees are invited to attend.

**Contact person: Ms S Block, 028 313 8108**

**OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT**

**OVERSTRAND MUNISIPALE ADVIESFORUM (OMAF)**

Kennis geskied hiermee dat 'n vergadering van die Overstrand Munisipale Advies Forum (OMAF) sal plaasvind op Dinsdag, 29 April 2025 om 18h00 in die Hermanus Ouditorium.

**Doel van vergadering:**
- *Strategiese rigting konsep hersiene GOP (Geintegreerde Ontwikkelingsplan) en voorgestelde wysiging en konsep Begrotingsproses vir 2025./26*

Alle lede van die Wykskomitees word uitgenooi om die vergadering by te woon.

**Kontakpersoon: Ms S Block, 028 313 8108**

**UMASIPALA WASE-OVERSTRAND**

**IFORAM YENGCESO KAMASIPALA WASEOVERSTRAND (OMAF)**

Esi sisaziso sokuba intlanganiso yeForam yeeNgcebiso zikaMasipala waseOverstrand (OMAF) iya kuba ngouLwesibini, umhla we-29 Epreli 2025, ngo-18h00 kwiHolo e(Oditoriyam) e-Hermanus.

**Injongo yentlanganiso:**
- *Uyilo lwesikhokelo sobuchule beZicwangciso zoPhuhliso esiHlanganisiweyo (IDP) (iSicwangciso soPhuhliso esiHlanganisiweyo) uphononongo kunye nohlengahlengiso olucetywayo kunye nenkqubo eyiDrafti yohlahlo lwabiwo-mali lowama-2025/26.*

Onke amalungu eeKomiti zeWadi ayamenywa ukuba abekho.

**Qhagamshelana no: Ms S Block, 028 313 8108**

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 84/2025

153391

# OVERSTRAND MUNICIPALITY

**Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancy:**

## ARTISAN MECHANIC X 2

**Directorate:** Financial Services
**Department:** Fleet Management
**Reference number:** WC 0321012 (Gansbaai) WC 0321622 (Hermanus)
**Basic salary:** R287 472 p.a. and Cell Phone Allowance
**Employment type:** Permanent
**Place of Work:** Gansbaai/Hermanus

**Requirements:** • Grade 12 certificate • Artisan Mechanical Trade Certificate (Diesel) • 1 (one) to 2 (two) years' experience required • A valid Code A or EC driver's licence and valid PDP • Communication skills in at least 2 (two) of the 3 (three) official languages of the Western Cape.

**To view detailed advertisement with all relevant information for the above vacancy please visit Overstrand Municipality's website at: www.overstrand.gov.za**

**For any enquiries in this regard, please contact Mr H.Vorster on 028 313 8046.**

**Closing date: 7 May 2025**

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200
Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 86/2025




Mountain Pride butterflies (*Aeropetes tulbaghia*) are one of the largest (wingspan 70-90 mm) butterflies found in our region. They have a modified pair of front legs that serve as brush-like sensory organs, giving them the appearance of being four-legged, like the rest of the butterflies in this family (Nymphalidae).

They are known to pollinate various red flowers, including both *Haemanthus* species found on Grootbos and have been observed visiting the candelabra flower (*Brunsvigia orientalis*) and the Summer Watsonia (*Watsonia schlechteri*). .

Brought to you by the Grootbos Foundation Entomology team


## Have a story you want to share:



Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za



OUR SERVICES
- Tax Consulting
- Financial Consultation
- Company Registrations
- Accounting
- Payroll Administrations and Services

Coetzee & Co Accountants

Contact Us 066 231 8831 028 007 0225

Our Office: 56 Barnard Street, Gansbaai Our email: info@coetzeeandco.co.za

BIZ LEGAL OVERBERG Labour & Legal Solutions



SOLUTIONS TO HELP YOUR BUSINESS SUCCEED. TOGETHER.

WE OFFER LABOUR, LEGAL, TAX & ACCOUNTING SERVICES ALL UNDER ONE ROOF

LABOUR MONTHLY RETAINERS
LEGAL MONTHLY RETAINERS
TAX & ACCOUNTING SERVICES

LABOUR SERVICES | TAX & ACCOUNTING | LEGAL SERVICES

CONTACT US TO FIND OUT MORE:

## Contact us to advertise:

Saskia:068 697 9945
saskia@gansberg.co.za

# FINE & COUNTRY

fineandcountry.com

**Easter 2025**



| | |
|---|---|
| **DE KELDERS R 1 500 000** | **FRANSKRAAL R 1 790 000** |



OWN A STAND JUST STEPS FROM THE SEA - Hear and Smell the Ocean!

**MADELINE - 084 243 0717**



EXCLUSIVE MANDATE: Three-bedroom home with Mountain Views at a good price.

**DANIËL - 072 117 3473**

**GANSBAAI R 1 875 000**



Spacious Family Home in Gansbaai-close to all amenities.

**MIENIE - 072 350 5737**

**PEARLY BEACH R 2 150 000**



EXCLUSIVE MANDATE:
Furnished & Move-in ready Home for Sale.

**BERNICE - 084 951 7700**

**DUIKERSFONTEIN R 5 200 000**



EXCLUSIVE MANDATE: Brand New Home with modern & Elegant finishes.

**MARIKI - 072 589 5722**

## BUYING or SELLING?

Benefit from our team of experienced, qualified agents who are always ready to assist.

F&C

fineandcountry.com™

Fine and Country Gansbaai

26 Fabriek Street, Gansbaai / 028 007 0358

gansbaai@fineandcountry.com

# Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 25/04/2025 | Saturday 26/04/2025 | Sunday 27/04/2025 | Monday 28/04/2025 | Tuesday 29/04/2025 | Wednesday 30/04/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 21° | 18° | 26° | 18° | 18° | 17° |
| Light Breeze 3 m/s from south 0 mm precipitation. | Light Breeze 1 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Light Air 7 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze. 10 m/s from west 6 mm precipitation. | Fresh Breeze 0.2 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5m/s from east 0 mm precipitation. |

# Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 25 April | 1341 | 0154 | 0732 | 1941 |
| 26 April | 1423 | 0200 | 0813 | 2023 |
| 27 April | 0236 | 1504 | 0854 | 2104 |
| 28 April | 0317 | 1545 | 0934 | 2146 |
| 29 April | 0359 | 1628 | 1015 | 2229 |
| 30 April | 0442 | 1712 | 1057 | 2315 |
| 01 May | 0527 | 1801 | 1142 | 0007 |
| 02 May | 0617 | 1857 | 1233 | 0114 |
| 03 May | 0719 | 2010 | 1339 | 0200 |
| 04 May | 0845 | 2142 | 0250 | 1511 |
| 05 May | 1031 | 2307 | 0434 | 1643 |
| 06 May | 1150 | 0006 | 0548 | 1748 |
| 07 May | 1240 | 0048 | 0637 | 1835 |
| 08 May | 1317 | 0123 | 0713 | 1912 |

# CLASSIFIEDS

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*


WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

## Te Koop

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



**Technokil**
State Registered Pest Control Services
- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE



Free Quotations
Riaan van Niekerk
082 878 7093

## VIBRACRETE MURE
## Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg

**Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204**

## Maintenance Man

*Noem dit en ons doen dit!*



Kontak Deon: 076 838 2890

**HULP MET VUURWAPENLISENSIES**
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

## BOSMAN VERWERS

Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak




Hennie & Elana Bosman

082 570 0907 / 082 533 3580

## HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:

Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za



GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

**DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?**
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
060 597 5419
078 307 7783

UNITY SERVICE RECOVERY AA
ALCOHOLICS ANONYMOUS

**THERE IS HELP...**



# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 9 | 5 | | 2 | | | 1 |
| | | | | | | | 5 | |
| | | | | | 9 | 4 | | |
| | | | | | | 5 | 4 | |
| | | 6 | | | | | | 7 |
| | | | 1 | 2 | | 3 | 6 | |
| 1 | | | 9 | 3 | 8 | | | |
| | 9 | | | 6 | | | | 8 |
| | | 4 | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B | K | S | J | O | K | L | A | H | O | M | A | S | G | S | R | H |
| Y | G | R | E | A | S | E | Y | T | O | K | G | I | T | C | M | Y |
| M | T | J | B | Y | I | E | M | G | O | N | H | A | P | A | I | B |
| Y | V | E | L | F | N | L | A | I | I | M | T | E | R | R | I | E |
| F | P | Z | I | T | U | C | H | K | T | E | M | Y | Z | M | A | N |
| A | A | P | L | C | I | N | C | O | F | G | P | Y | I | E | W | O |
| I | L | N | X | H | O | O | N | A | U | O | N | G | A | N | A | L |
| R | J | F | C | T | T | S | I | Y | P | S | I | I | K | Q | H | A |
| L | O | L | W | S | B | R | H | P | F | G | E | S | W | J | E | M |
| A | E | C | K | S | L | R | I | G | M | A | E | R | D | S | U | Y |
| D | Y | L | I | O | K | N | Y | X | I | Q | C | R | O | J | L | S |
| Y | I | K | K | Y | S | T | N | S | A | H | K | E | I | C | B | G |
| S | E | N | A | J | Y | T | I | M | A | L | A | C | Z | A | K | U |
| A | L | L | T | H | A | T | J | A | Z | Z | E | M | A | F | H | B |

ALL THAT JAZZ
BLUE HAWAII
BUGSY MALONE
CALAMITY JANE
CARMEN
CHICAGO
DREAMGIRLS
FAME
FUNNY FACE
GIGI
GREASE
HAIR
HIGH SOCIETY
JAILHOUSE ROCK
MARY POPPINS
MY FAIR LADY
OKLAHOMA
PAL JOEY
SILK STOCKINGS
STATE FAIR
SWING TIME
TOMMY
YENTL






## ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | 4 | 2 | 8 | 5 | 7 | 1 | 6 | 9 |
| 6 | 5 | 8 | 9 | 1 | 3 | 2 | 7 | 4 |
| 7 | 9 | 1 | 6 | 2 | 4 | 8 | 3 | 5 |
| 1 | 6 | 5 | 7 | 8 | 9 | 3 | 4 | 2 |
| 8 | 2 | 7 | 4 | 3 | 1 | 9 | 5 | 6 |
| 9 | 3 | 4 | 2 | 6 | 5 | 7 | 8 | 1 |
| 2 | 7 | 9 | 3 | 4 | 6 | 5 | 1 | 8 |
| 4 | 1 | 3 | 5 | 9 | 8 | 6 | 2 | 7 |
| 5 | 8 | 6 | 1 | 7 | 2 | 4 | 9 | 3 |

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| D | D | R | X | O | X | | D | F | A | D | G | G | P | H |
| C | K | Y | D | L | V | A | U | W | J | L | H | A | A | Z |
| R | G | R | J | E | S | U | S | N | B | K | Q | Y | R | L |
| U | O | E | E | Q | J | Q | C | Y | N | E | N | V | A | A |
| C | O | S | P | R | I | N | G | H | S | Y | J | F | D | S |
| I | D | B | C | H | R | I | S | T | I | A | N | V | E | T |
| F | | O | C | A | S | T | I | N | G | C | L | C | E | |
| I | F | N | E | G | G | | H | U | N | T | K | H | W | S |
| X | R | N | C | E | L | E | B | R | A | T | I | O | N | U |
| I | I | E | G | X | E | B | A | S | K | E | T | C | Z | P |
| O | D | T | J | D | H | H | Y | | | S | V | O | Q | P |
| N | A | Y | W | W | T | O | H | B | A | E | Z | L | B | E |
| P | Y | X | U | E | G | G | U | A | Z | M | N | A | X | R |
| Z | C | H | U | R | C | H | N | H | N | D | B | T | P | W |
| M | I | R | A | C | L | E | T | W | D | K | E | E | F | Q |

## Medical 911

CMC Critical Medical Care
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
PRIVATE AMBULANCE
HERMANUS | GANSBAAI | CALEDON | OVERBERG

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

Overstrand Medical Response
More Than Just EMS
078 699 6995
Private Ambulance Service
info@omrmedics.co.za

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335


# Gansbaai Gholfklub


*Francois van der Merwe & Melvin Tobias*

**4BBB Stableford deur Francois en Melvin ingepalm**

Francois van der Merwe & Melvin Tobias palm Saterdag se 4BBB Stableford kompetisie in, Daan Victor Woensdag se Enkel Stableford Sloegterskompetisie en George Hunt Vrydag se 9-putjie Enkel Stableford.

**Woensdag, 16 April:**
Daan Victor wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 37 punte, gevolg deur Dawie Viljoen 36, Solly Wessels 39, Leon Lombaard 35, Christo Spanellis 34, Alex Mostert 32, Marietjie de Villiers 29, Dirk van Dyk 28, Neil Harrison 28 en Clive Bailey 27.
Naaste aan die pen op no 8 was Daan Victor (rooi bof).


*Daan Victor.*


*George Hunt*

**Vrydag, 18 April:**
George Hunt wen die 9-putjie Enkel Stableford met 22 punte, gevolg deur Pieter Uys 20, JP Laubscher 17, Deon Momberg 17, Callie Lourens 17, Sakkie van der Merwe 16, Marietjie de Villiers 16, Athol Kent 15, Bertie Laubscher 15 en M Greeff 15.

**Saterdag, 19 April:**
Francois van der Merwe & Melvin Tobias wen die 4BBB Stableford kompetisie met 47 punte, gevolg deur Werner Theron & Bertie Laubscher 43, Clive Bailey & Joe Cesare 42, Cobus Dippenaar & Peet Pretorius 42, Bev Swart & Monica Theron 41, Athol Kent & Marietjie de Villiers 40, Solly Wessels & Dirk Coetzee 39, J Lotter & Leon Lombaard 38, Johan Coetzee & Dirk van Dyk 37 en Chris Viljoen & Sean van der Westhuizen 37.
Naaste aan die pen op no 15 was Athol Kent (rooi bof).
Spog Twee's word aangeteken deur Peet Pretorius (17) en Bertie Laubscher (17).

**Saterdag, 26 April:**
Kompetisie is 'n Enkel Stableford.



**Groete,**
**Johan Coetzee**
**082 878 0534**


**CONTACT US TO ADVERTISE:**
Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za



**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za


## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Posduif-legende nie meer met ons...

**André Vorster**

Die afsterwe van André Vorster (82) van Perlemoenbaai, Gansbaai se Posduif-legende, was nie onverwags nie, maar wel 'n hartseer gebeurtenis en met 'n diep leemte wat hy agtergelaat. “Aan die einde van Desember 2020 het André ernstige hartprobleme ondervind, waarvan hy wonderbaarlik herstel het,” het sy eggenote, Judith, aan die Gans-Berg Nuus gesê. “In Januarie vanjaar het sy gesondheid egter met rasse skrede agteruit begin gaan.” Kanker is later by hom gediagnoseer, nadat hy om die beurt by Worcester-, Tygerberg- en Hermanus Hospitale deurgebring het. 'n Week voor sy afsterwe is hy ontslaan en huis toe gestuur, waar hy op 3 April 2025 oorlede is.

André het as jarelange voorsitter van Gansbaai Posduifklub opgetree. Na die probleme met sy hart, het hy bedank en sy duiwe verkoop. Hy het nie meer aan wedvlugte deelgeneem nie - maar van 'wegbreek' uit die duiwe-bedryf uit was daar nie sprake nie. Hy het steeds 'n ondersteunende rol gespeel en aangegaan met sy weeklikse Posduif-rubriek aan die Gans-Berg Nuus - 'n 'werk' wat hy vir baie, baie jare getrou gedoen het.

André mag maar as Gansbaai se Posduif-legende beskou word met sy sowat 50 jaar van pos- en vliegduif ondervinding. Nie noodwendig op grond van jaarlikse kampioenskappe nie, maar verseker



*André en Judith Vorster, met Lady.*

op grond van kennis, ervaring en dít wat hy vir Gansbaai Posduifklub gedoen het. Sy liefde vir duiwe is van kleinsaf (graad 5) deur 'n volwasse duiweboer gekweek. Sy pa het hierdie liefde raakgesien en 'n duiwehok vir André gebou. As gevolg van persoonlike omstandighede moes hy later sy duiweboerdery staak, maar het in 1987, sowat 38 jaar gelede, weer aktief daarmee aangegaan. André het as voorsitter op verskeie Posduifklubs gedien en was ook vir 10 jaar in beheer van die vervoer van duiwe tydens wedvlugte.

“Ek sal altyd mooi herinneringe van Oom André koester en hom baie mis,” sê Norman Stevens, jarelange posduifvriend van en 'n bestuurslid saam met André. “Veral as ek begin duiwe oefen, gaan ek baie verlang omdat ek altyd raad by hom gekry het.” Willie Marais, voorsitter van Gansbaai- en Overberg Posduifklubs, skryf: “Ons gaan 'n vriend en groot gees in die duiwesport, Gansbaai en Bloemfontein, mis. Iemand wat altyd bereid was om te help en sy kennis te deel. Oom André was 'n gerespekteerde persoon onder duiweboere en 'n besonderse mentor vir baie!”

**Die mens, André Vorster**
André is op 8 Maart 1943 in Port Elizabeth gebore, maar het in Bloemfontein vanaf 4 jarige ouderdom grootgeword. Na sy studies in die landbou en verpligte militêre diens, werk hy by 'n Fordmotorhandelaar en vorder binne 5 jaar na Bemarkingsbestuurder - waar hy twee keer as Beste Verkoopsman in Suid-Afrika aangewys word. In 1977 begin hy sy eie motorhandel-besigheid te Bloemfontein: *André Vorster Motors*. In 2001 tree hy af en verkoop ook sy twee plase, *Hou Koers* en *Oorkant*, sowat 15km buite Bloemfontein.

In 2001 het André afgetree en in 2015 bou hy in Perlemoenbaai 'n replika van sy plaashuis buite Bloemfontein. André en Judith is op 8 Desember 2007 in die huwelik bevestig. Sy was 'n onderwyseres en het as skole-inspektrise in kunsvakke afgetree, terwyl sy tans bekendstaan as 'n uitstekende rolbalspeler. André laat sy eggenote, Judith, 3 kleinkinders en 2 agterkleinkinders agter. Gans-Berg Nuus wens Judith baie sterkte vir die toekoms toe, met dankbaarheid vir André se weeklikse berigte, ook met haar hulp.

**Hardus Botha**

# 'Tamaaibraai' vir Bejaardes



*Ruben Lennox, Thys Moolman, Susan Moolman, SJ Gous, Joppie Basson, Casper Gous, Amelia Gous, Marina Klopper, Pieter Klopper, Henry en Diana Hall (Van Omgeemense, Worcester).*

Gansbaai se bejaardes, asook wêreldwyd, is onlangs behoorlik met 'n 'Tamaaibraai' op 'Wêreld Tamaaibraai Dag vir Bejaardes' bederf - die weldoeners was Henry Hall en sy eggenote, Diana, van die Vryburger Omgeemense in die Worcesterkorps – Henry en Diana is gereelde besoekers aan Gansbaai. Die hoendervleis is by Herberg-aan-See gebraai, maar is daarna by al die ander Tehuise vir Bejaardes in die omgewing afgelewer.

In Gansbaai en omgewing het 143 bejaardes braaivleis ontvang. In totaal tussen Worcester se Tehuise saam met Gansbaai se Tehuise, het 650 bejaardes etes op dié dag ontvang. Nasionaal was 20 korpse by 4 250 bejaardes / behoeftiges van 53 instansies betrokke: 480kg skaaptjops; 54kg varktjops; 520kg wors; 629kg hoendersosaties; 199kg hoenderporsies; 26kg braaibroodjies - dit wil gedoen wees!

Omgeemense se Tamaaibraai vind jaarliks op 'n spesifieke dag plaas. Die organisasie onderskryf die Bybel as hulle grondslag en gesels graag in Afrikaans. 'Tamaaibraai vir Bejaardes' is een van hulle relatief nuwe inisiatiewe. Die ander twee is 'Kos vir Kinders' en Woordbediening'. Die Vryburger Omgeemense van Suid-Afrika is 'n nie-politieke, diens- en kultuur organisasie wat opvoedkundige-, kulturele- en maatskaplike ontwikkeling van gemeenskappe ten doel het. Landswyd word bejaardes met onder andere Karoo-braaivleis en Afrikaanse musiek bederf.

**Hardus Botha**

GansBerg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Sport

KINGSLEY HERMANUS
We stock a wide variety of Kingsley beverages which are available for walk-ins & bulk for businesses
064 037 1877
kingsleyhermanus23@gmail.com
11 ARUM STR, INDUSTRIAL AREA, HERMANUS

OK Foods GANSBAAI
Tel: 028 384 0001
WINKELURE
Maan - Sat
07:00 - 19:00
Sondag
07:00 - 15:00
MYLAND BILTONG
OK Liquor
Tel: 028 384 0001
Mon - Fri
08:00 - 19:00
Saturday
08:00 - 19:00
Sunday
08:00 - 15:00

# BBK Jaarlikse Opedag Bonanza

Wat 'n bedrywigheid was dit nie, selfs met relatief min vis wat gevang is - die Birkenhead Boothengelklub se jaarlikse Opedag Bonanza. Die pryse was nie te versmaai nie - vir die swaarste vis (mans): 1ste R5 000, 2de R3 000 en 3de R2 000. Dieselfde het vir die dames gegeld, met die junior seun en dogter in die 1ste plek, elk R1 000. Die hengelaar met die swaarste sak ingeweeg het, het R2 000 ontvang.

15 bote het ingeweeg, met 5 dames en 42 mans wat ingeskryf het. Ongelukkig was daar geen juniors nie.

**Uitslae:**
*Mans:*
Pieter Oberholzer (swaarste vis, snoek, 4.15kg); Phillip Steenkamp (2de swaarste vis, bonito, 2.30kg); Joe Smit (3d swaarste vis, silvervis, 2.30kg).
*Dames:*
Trix Langley (swaarste vis, roman, 1.75kg); Joey Rademeyer (2de swaarste vis (silvervis, 1.75kg); Kerry Tindall (3de swaarste vis, silvervis, 1.15kg).
Die swaarste sak is deur Pedrie Oberholtzer ingeweeg (11.30kg) en Leon Lombard het die gelukstrekking gewen. Hein Kroese, voorsitter van die Birkenhead Boothengelklub, het die dag as 'n groot sukses beskryf.

**Hardus Botha**









Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service
028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za